

Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word

Here God,

ons kom vandag na U met swaar harte. Ons dink aan vroue en meisies wat met geweld, mishandeling, verkragting en vrees

leef; aan dié wat vermoor is; en aan almal wat agterbly en rou.

Wees naby aan diegene wat seergekry het. Gee hulle veiligheid, genesing en die moed om hulp te vra. Omring hulle met mense wat luister, glo en met deernis bystaan. Troos dié wat treur, en dra almal wat moeg en bang geword het.

Here, vergewe ons waar ons geweld verswyg, verskoon of gering ag. Maak ons oë oop vir gevaar en ons harte sensitief vir mense se nood. Gee ons moed om op te tree, om veilige ruimtes te skep en om beskerming en regverdigheid te soek.

Verander die harte en dade van dié wat geweld pleeg. Hou hulle aanspreeklik en keer dat nog mense seerkry. Gee wysheid en volharding aan almal wat sorg, beskerm, ondersoek en reg laat geskied.

Here, ons bid ook vir die polisiebeamptes wat geweld teen vroue en meisies ondersoek en probeer keer. Gee hulle wysheid, moed en volharding wanneer die werk swaar en ontmoedigend voel. Beskerm hulle teen gevaar en uitputting. Help hulle om elke slagoffer met waardigheid en deernis te behandel, en gee hulle die nodige hulpbronne en samewerking om oortreders aanspreeklik te hou en verdere geweld te voorkom. Amen.

Maak u kerk ’n plek waar elke mens veilig en waardig is; waar mense wat seergekry het geglo en ondersteun word; en waar liefde nie net met woorde bely word nie, maar in dade sigbaar word.

Here, laat u geregtigheid soos water vloei en u vrede soos ’n stroom wat nooit opdroog nie.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus.

Amen.

Onlangse Bydraes

- Josef, die man wat koelkop gebly het in versoekings
- Potifar se vrou, wat nie met haar lyf en haar luste raad geweet het nie
- Tamar, die vrou wat haar eie skoonpa verlei het
- Joh 12:12-19 Verras deur die Man op die geleende donkie
- Juda

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026